

9 Junie

**Skrifgedeelte: Korintiërs 13:1-13**  
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:1-13**

**Liefde, die allerbeste!**

**D**ie allerbeste – die uitnemendste gawe van die Heilige Gees is die liefde! So as 't ware tussenin ingedruk in sy behandeling van die probleem in die gemeente in Korinte oor watter gawe die beste is en die wedywing wat daar was om in tale te praat omdat dit dié bewys van die inwoning van die Heilige Gees sou wees, skryf Paulus hierdie lied. Dit is 'n vergelykingslied, bykans 'n gelykenis, 'n profesie, 'n geloofsverklaring, 'n hoopvolle toekomsgrype om die grootsheid van hierdie hemelse gawe van die Heilige Gees te benadruk: die liefde!

Die alledaagse gawe wat nie eens in Korinte in tel was nie, wat oorgesien is in hul spogtery oor hul uitsonderlike gawes, dit is toe al die tyd die allerbeste: die liefde! Dit is binne almal se bereik, van alle gelowiges waar en aan almal geskenk. Daarmee saam kom – ook gewoon algemeen – geloof en hoop. Hierdie drie is onontbeerlik vir die kind van God. Al drie is beslis by elke uitverkorene aanwesig, want dit is gawes van die Heilige Gees. Die ander buitengewone gawes waarvan hoofstukke 12 en 14 praat is inderdaad uitsonderlik.

*Sing: Psalm 18:1*

*Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*